## AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar..
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING- vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar beide die letter en/of die korrekte antwoord by 'n meerkeusevraag

| **VRAAG 1** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1.1 | Die taal vernuwe nie./Die taal gaan agteruit/word saai/vervelig/verouder./Al hoe minder idiome/idiomatiese uitdrukkings/gesegdes/spreekwoorde word in die taal gebruik./Die taal stagneer. √<br><br>*(Die taal vrot/verrot/gaan dood is verkeerd)* | 1 |
| 1.1.2 | *Wond/minder* √ | 1 |
| 1.1.3 | Idiome/idiomatiese uitdrukkings/spreekwoorde/gesegdes/Idiome wat die taal opkikker/geur/interessant maak. √ | 1 |
| 1.2 | Jy weet min/niks van 'n saak nie./Hy ken nie die betekenis van die idioom nie. √<br><br>Idiome word buite konteks gebruik. √<br>Idiome word verkeerd aangehaal. √ | 1<br><br>2 |
| 1.3.1 | Dit is deur kenners/professore/professors/geleerde persone/akademici gemaak. √<br><br>*(Iemand wat van 'n universiteit kom/by 'n universiteit betrokke is,* is nie korrek nie.) | 1 |
| 1.3.2 | Engelse idiome word meer vertaal as wat Afrikaanse idiome gebruik word./<br>Engelse idiome word verafrikaans./<br>Afrikaanse idiome verdwyn./<br>Kinders lees nie meer nie./<br>Nie-metaforiese taal word gebruik. √ | 1 |
| 1.3.3 | Daar moet meer gelees word./<br>Taalgebruik in sms'e en e-posse moet verbeter word./Minder sms'e en e-posse moet gestuur word./<br>Kommunikasie moet meer metafore/kreatiewe taal bevat. √√<br><br>*Enige TWEE antwoorde is korrek.Die antwoord moet as oplossings aangebied word.* | 2 |

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

| | | |
|---|---|---|
| 1.4 | In die plattelandse taalgemeenskap:<br>• word hulle minder aan eksterne invloede blootgestel.<br>• bly die ryk, oorgeërfde woordeskat langer in gebruik.<br>• sal nuutskeppings ontwikkel. √√<br>*Enige TWEE antwoorde is korrek.*<br>**EN**<br>In die stedelike taalgemeenskap:<br>• verander die taalervaring na 'n meertalige konteks.<br>• speel Engels 'n al hoe groter rol.<br>• word hulle meer aan eksterne invloede blootgestel.<br>• sal taalgebruikers uit hul passiewe Engelse idiomatiese uitdrukkings put en dit in Afrikaans weergee. √√<br>*Enige TWEE antwoorde is korrek.* | 4 |
| 1.5 | Nee<br>Hy praat nêrens negatief/lelik van jong taalgebruikers nie./<br>Hy sê juis hulle is nié minder kreatief as ouer taalgebruikers nie./<br>Hy is bewus van die invloed wat hulle taalgebruiksomgewing op hulle taal kan hê./<br>Hy gee positiewe voorbeelde van hoe kreatief jonger taalgebruikers kan wees./<br>Sy siening is objektief/verantwoordelik/getuig van kennis. √<br>*Die kandidaat gee sy/haar eie gepaste motivering binne konteks van paragraaf 8.*<br>*Ja-antwoorde kan nie korrek wees nie.*<br>*Nee kan ook deur die motivering geïmpliseer word.* | 1 |
| 1.6 | Die idioomskat van die taal moet kreatief in die skool aangepas/uitgebou word./<br>Skole moet handboeke kies (daarna *kyk*) wat die kurrikulum/nuutskeppings aanspreek./<br>Skole/onderwysers moet taalsensitief wees. √√<br>*Twee antwoorde vir twee punte.* | 2 |
| 1.7 | Die (elektroniese) versameling van taalmateriaal/Geheel van versamelde materiaal by wetenskaplike ondersoek.<br>'n Versameling van Afrikaanse woorde/dinge van dieselfde soort<br>'n Versameling idiome. √ | 1 |
| 1.8 | Lindie Oppermann is van mening dat idiome nie kwyn nie √<br>terwyl die skryfster/Maretha Botes van mening is dat die taal muf/idiome nie meer gebruik word nie. √<br>*Die eerste antwoord wat aangebied word, behoort dié van Lindie Oppermann te wees en die tweede antwoord behoort die antwoord van die skryfster te wees, indien name nie gebruik word nie.* | 2 |
| 1.9 | Nee, want dit is 'n bordspeletjie en bordspeletjies word nie meer deur mense gespeel nie. √<br>**OF**<br>Ja, want dit klink na pret om te speel./'n mens sal graag die nuwe idiome wat jy aanleer, wil gebruik. √<br>*Die kandidaat gee sy eie mening binne konteks.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.10 | Ja.<br><br>'n Kenner, soos prof. Kotzé, noem dat die idiomeskat besig is om te verskraal. √<br><br>Prof. Gouws, wat 'n kenner van Afrikaans is, se mening is dat die idioomgebruik agteruitgaan as gevolg van moderne kommunikasie. √<br><br>Aangesien die meeste mense Engels praat, word die Afrikaanse idiome nie meer gebruik nie, dus muf die taal. √<br><br>*Kandidate hoef nie name te noem nie; enige antwoord binne konteks van idioomgebruik is aanvaarbaar.*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br><br>Die jongmense ken dalk nie die ou/muwwe Afrikaanse gesegdes nie, maar is voortdurend besig om nuwe gesegdes te gebruik, al word dit uit Engels vertaal.<br><br>Idiome word in advertensies gebruik, dus kan die gebruik van idiomatiese taal nie muf nie.<br><br>'n Bordspeletjie word net vervaardig indien dit ekonomies vatbaar is, dit is dus 'n aanduiding dat die taal nie muf nie.<br><br>Lindie Oppermann/Professore is van mening dat die gebruik van idiome nie agteruitgaan nie. √√√<br><br>*(Enige drie antwoorde is korrek)*<br><br>*Die kandidaat bied sy motivering binne konteks van die teks aan.* | 3 |
| 1.11.1 | By Innibos/die Laeveld Nasionale Kunstefees/by die Standard Bank verhoog. √ | 1 |
| 1.11.2 | Daar is 'n woordspeling (*uit 'n bos uit*) wat by Innibos aansluit./Hy gebruik *bos* twee keer/Die fees se naam is Innibos./<br>Die idioom dui op die heerlike/gesellige samesyn wat by Innibos heers. √ | 1 |
| 1.11.3 | Die woorde is opvallend/groot/kreatief/in die middel van die advertensie geplaas./Dit trek dadelik die leser se aandag./<br>Die woorde pas by die prentjies (waarlangs dit geplaas is) om die feestelike atmosfeer te ondersteun/beklemtoon. √<br><br>*Die antwoord, die plasing van die woorde is funksioneel, is nie korrek nie.* | 1 |
| 1.12 | Die advertensiewese speel 'n rol om idiome uit te brei./nuwes te skep aangesien idiome gebruik word. √ | 1 |
| 1.13 | Afrikaanse mense/Mense wat daarvan hou om kunstefeeste by te woon./Lesers van die tydskrif/mense wat daarvan hou om te kuier./Musiekliefhebbers/Plesiersoekers √<br><br>Die advertensie speel met die Afrikaanse taal./gee inligting vir lesers m.b.t. die feestye, program ens./is in Afrikaans./gee vir mense inligting oor 'n geleentheid om te kuier. √ | 2 |
| | | **[30]** |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

2014 -11- 11
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat die opsomming puntsgewys aanbied, word dit nagesien.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en verder tot by die einde van daardie sin.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

| |
|---|
| Mense in 'n verhouding moet die beste in mekaar uitbring. Kommunikeer soveel as moontlik met die ander persoon om hom/haar beter te leer ken. Verder is dit belangrik om die ander persoon se ouers te leer ken. Wees boonop vriende met die ander persoon se vriende. Voer die meeste van julle gesprekke in mekaar se teenwoordigheid, nie via die selfoon nie. Moenie so in mekaar opgaan dat jy ander belangrike prioriteite afskeep nie. En, laaste, maar nie die minste nie: moenie die verhouding versuur met 'n onverantwoordelike vryery nie! |
| **Getal woorde: 89** |

**OF**

| | AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|---|---|
| 1 | *Kyk eerder na iemand wat die allerbeste eienskappe in jou uitbring en dit waardeer.* | A | Assosieer met iemand wat die beste in jou uitbring./Bring die beste in mekaar uit. |
| 2 | *Kommunikasie is die sleutel tot sukses.* | B | Kommunikeer soveel as moontlik met die ander persoon(om hom/haar beter te leer ken). |
| 3 | *Om mekaar se ouers te ontmoet, met hulle gemaklike, spontane gesprekke te voer en saam te kuier ... is noodsaaklik, en op die koop toe, 'n intelligente strategie!* | C | Leer ken die ander persoon se ouers. |
| 4 | *Dit sal ook slim wees om met jou meisie/ou se vriende bevriend te wees.* | D | Wees vriende met die ander persoon se vriende. |
| 5 | *Sorg dat 70% van julle gesprekke plaasvind waar julle mekaar in die oë kan kyk.* | E | Voer die meeste van julle gesprekke in mekaar se teenwoordigheid./Vermy gesprekke deur middel van sms'e. |
| 6 | *Moenie prioriteite (skoolwerk, sport- en/of kultuuraktiwiteite) afskeep om meer tyd saam met hom/haar deur te bring nie.* | F | Gee aan belangrike skoolsake die regte aandag./Moenie so in mekaar opgaan dat jy ander prioriteite afskeep nie. |
| 7 | *Moet dus nooit die pap met 'n warm vryery te dik aanmaak nie! Daar is, immers, 'n rede waarom geleerdes vriendskap as die basis van blywende, geslaagde verhoudings en huwelike aandui!* | G | Werk aan 'n gesonde vriendskapsverhouding./Moenie die verhouding met 'n onverantwoordelike vryery versuur nie! |
| | | | **Getal woorde: 74** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
    - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
    - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
    - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudige keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Probeer my: √ ek's heerlik ... √/<br>Probeer my ... √ ek's heerlik: √/<br>Probeer my: √ ek's ... √ heerlik | 2 |
| 3.2.1 | goed/lekker/oukei/gesond/reg √ | 1 |
| 3.2.2 | Die woord is opvallend en trek aandag./<br>Die woord is oorredend/uitnodigend./<br>Almal wil graag iets probeer, veral as dit *heerlik* is./<br>Emotiewe woorde manipuleer die leser./<br>Die manipulering laat die leser voel hy gaan iets mis indien hy nie van die produk eet nie./<br>Die woord *heerlik* klink net aanlokliker as *goed*. √ | 1 |
| 3.3 | Assimilasie/Klankgelykmaking √ | 1 |
| 3.4 | Turksvystroop/aarbeistroop/esdoringstroop/suikerstroop/gemmerstroop/gouestroop √<br><br>*Die kandidaat kan ander woorde aanbied mits dit 'n samestelling is en korrek gebruik is.* | 1 |
| 3.5 | Bpk. (met 'n hoofletter en 'n punt) √ | 1 |
| 3.6 | om te gebruik/te gebruik/gebruik √ | 1 |
| 3.7 | Dit word altyd geëet./Dit word by alle maaltye geëet./Dit werk vir enige maaltyd./ Kinders wil dit selfs as nagereg eet. √ | 1 |
| 3.8 | Soos u kan sien √ | 1 |
| | | **[10]** |

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 4 : VISUELE TEKS

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Ons moet nou vinnig ingaan en 'n boek vir jou boeklys aanskaf./Ons moet vinnig ingaan en nou 'n boek vir jou boeklys aanskaf. √<br><br>*Enige ander korrekte woordorde mits al die woorde gebruik word.* | 1 |
| 4.2 | kategorie √ | 1 |
| 4.3 | Moet ons ingaan <u>voordat</u> ons 'n boek kies en (dit) koop?/<br>Moet ons ingaan en 'n boek kies <u>voordat</u> ons dit koop?/<br>Moet ons, <u>voordat</u> ons ingaan, 'n boek kies en dit koop?/<br><br>*Die kandidaat moet 'n vraagsin gee met al die woorde van die gegewe sin en dit moet taalkundig korrek wees; die volgorde "ingaan, kies en koop" moet behou word.* √ | 1 |
| 4.4 | Mense koop nie meer boeke nie./lees nie meer boeke nie. √ | 1 |
| 4.5 | Hy is 'n verveelde, stedelike nefie wat 'n plattelandse oom moet vermaak. √<br><br>*Net 'n mens/dier kan verveeld wees: vind niks interessant/vermaaklik/belangwekkend nie; die sin moet die betekenis "sonder enige belangstelling" aanbied. (HAT, 2011: bl. 1 304)*<br><br>**EN**<br><br>Die lewe op die plaas is bra vervelig. √<br><br>*Iemand/iets bied nie iets interessants/vermaakliks/belangwekkends aan nie; die sin moet die betekenis "langdradig/vermoeiend" aanbied. (HAT, 2011: bl. 1 304)* | 1<br><br>1 |
| 4.6 | Hy wil nie gesteur word nie./<br>Hy is baie geïnteresseerd in wat hy lees./Hy lees iets waarvan hy hou. √<br><br>*Enige soortgelyke antwoord is aanvaarbaar.* | 1 |
| 4.7 | Werkwoord/hoofwerkwoord/selfstandige werkwoord √ | 1 |
| 4.8 | Sy ma sê sy is so bly hy het 'n boek gevind wat hy wil lees./dat sy so bly is (dat) hy 'n boek gevind het wat hy wil lees.√<br><br>(*Woordorde moet korrek wees.)* | 1 |
| 4.9 | Hy hou nie van lees nie./Hy wil nie graag boeke sonder prentjies lees nie./Hy het 'n voorkeur vir maklik leesbare boeke./Hy hou van groen boeke./Die boekkleur trek hom aan. √ | 1 |
| | | [10] |

AG X 110
TORIA 0001

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | verryk √ | 1 |
| 5.2 | Albei is leenwoorde./ontleen aan Maleis(-Portugees)./was oorspronklik nie Afrikaans nie. √ | 1 |
| 5.3 | resepteskat √ | 1 |
| 5.4 | Ons √ | 1 |
| 5.5 | dekades (mv.) √ | 1 |
| 5.6 | bo √ | 1 |
| 5.7 | Kontaminasie (Taalbesmetting)/Analogie/Leenwoorde √ | 1 |
| 5.8 | Wêreldbekende/wêreld bekende √ | 1 |
| 5.9 | soek √ | 1 |
| 5.10 | Die knoop word (vir ons) (deur nederige sjokolade, tennisbeskuitjies, room en kondensmelk) deurgeha(a)k./Vir ons word die knoop deurgeha(a)k. √<br><br>*"Vir ons" kan aan die einde van die sin staan.*<br>***Die werkwoord hoef nie aan die einde van die sin te staan nie.*** | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS